



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 69: 20 November 2015

EN SO BREEK DIE EINDE TOE AAN

Al weet ons hoe goed dat die tyd meedoënloos voortsnel, staan ons altyd verbaas dat dit so vinnig verbygesnel het. Vanjaar is geen uitsondering nie, en bevind ons ons skielik aan die einde van die jaar! Teen Woensdag is al ons Graad 8 tot 11-leerlinge klaar met die 2015 akademiese jaar, en is hulle reeds, nie-amptelik, met vakansie.

Dis dan ook die tyd wanneer mens soms wonder hoe goed ons die tyd benut het, en of ons nie dalk kon beter nie. Hieruit word die mooiste nuwejaarsvoornemens dikwels gebore. Die beste voorneme behoort net te wees dat elkeen 2016 sal aanpak met die uitsluitlike doel om elke blokkie op die kalender só vol te pak dat daar amper nie plek sal wees om die deur na die volgende blokkie oop te maak nie! Om in 2016 werklik die mens te word waarvoor ons elkeen hier op aarde geplaas is.

Baie sterkte aan al die ouers wat nou opgeskeep sit met verveelde tieners in die huis! Aan al ons leerders: Geniet die vakansie en kom in Januarie hier aan met 'n entoesiasme en ywer wat tot vir jou sal verstom! Wees verassend en verfrissend anders en leef voluit!

BEGROTING VIR 2016

Op 'n algemene ouervergadering wat gisteraand plaasgevind het, is die begroting vir 2016, soos deur die Beheerliggaam voorgelê, eenparig aanvaar en goedgekeur.

Die belangrikste elemente van die begroting is:

- Die skoolgelde vir 2016 is R17 350 per leerder per jaar
- 'n Eenmalige betaling van R15 615 (teen 10%-afslag) kan voor of op 28 Februarie 2016 gemaak word, indien verkies
- Maandelikse betalings vanaf 31 Januarie vir 11 maande beloop R1 578 per maand per leerder.
- In daardie gevalle waar aansoek om korting gedoen word, moet sodanige aansoeke voor of op 31 Januarie ingedien wees.

Hierdie begroting bring dus 'n 7,75% verhoging in skoolgeld mee, nadat die verhoging verlede jaar minder as 5% was.

Een van die grootste kenmerke van die begroting is dat daar steeds ruim voorsiening gemaak moet word vir wanbetaling en oninbare skulde. Ons betalende ouergemeenskap susidieer steeds 'n beduidende aantal ouers wat glad nie skoolgeld betaal nie, geen reëlings met die skool tref in hierdie verband nie, en wat uiteindelik oorhandig moet word vir skuldinvordering. Indien hierdie tendens omgeswaai kon word, sal daar beslis na uitbreidingsprojekte gekyk kan word. Tans word daar vir bykans geen groot kapitaalprojekte voorsiening gemaak nie, en kan daar slegs aandag gegee word aan instandhouding en die salarisse van die personeel wat deur die Beheerliggaam betaal word. Daar word daarom ernstig gekyk na aanvullende bronne van finansiering, veral in die vorm van aggressiewe bemerking van die Framesby-handelsmerk.

RAPPORTE

Woensdag 9 Desember
07:30 tot 08:30
Volledige reëlings op bl. 3

BOEKVERKOPE deur Pickwick

Woensdag 25 November
10:00 – 15:00
Graad 8 en 9

Donderdag 25 November
10:00 – 15:00
Graad 10 – 12

PAWILJOENSAAL

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Anro Botha 8C

Sondag
Keegan Verwey 9F

Maandag
Jaun-Mikhail van Huysteen 9C
Migael van Tonder 12G

Dinsdag
Christiaan Kleyn 11F
Christian van den Berg 8C

Woensdag
Charleen van Niekerk 10C

Donderdag
Dylan Matthews 12F

Vrydag
Theunis Coetzee 9G
Shaun Hoekstra 10H

DINGE IS HIER AAN DIE GEBEUR

“TAG-RUGBYSpan” KOOK!



Soos vroeër berig, het 'n groep onderwysers en oud-leerlinge vanjaar ingeskryf in die plaaslike “Tag-rugby”-somerliga as die “String Attacks”. Al die wedstryde is by Londt Park gespeel.

Ons span het hul uitstekend van hul taak gekwy, veral as in ag geneem word dat dit die eerste keer was wat hierdie spelers “tag-rugby” gespeel het, en uiteindelik die halfeindstryd gehaal sonder om 'n wedstryd te verloor. Hier moes hulle egter die knie buig in 'n baie harde wedstryd wat gekenmerk is deur 'n paar omstrede beslissings. (wat's nut?) Dit het tot gevolg gehad hulle die afgelope Woensdag moes uitspeel vir die bronsmedalje, wat hulle toe baie maklik verower het! Mnr. Daantjie van Schalkwyk het opgetree as spanbestuurder en die manne tot groot hoogtes gemotiveer!

Ons is baie trots op hierdie manne en glo dat hul prestasie ons seuns sal aanspoor tydens die rugbyseisoen wat voorlê. Alhoewel almal darem nog nie bejaard is nie, moes hulle kragte meet met spanne wat almal baie jonger as hulle is! **Go, String Attacks!**

Agter: Roelof Allers (Onnie), Jacques du Preez (Old Boy), Konrad de Villiers (Onnie), André Snetler (Onnie) en Juhan Meyer (Onnie)

Voor: Cameron Jacobs (Old Boy), Jaco Grobler (Old Boy), Christo Scriven (Onnie) en Louis Gerber (Onnie)

Afwesig: Stefan de Klerk (Onnie) en Reyners Barnard (Old Boy)

ELEKTRONIESE TELBORD GESELLIG INGEWY

'n Groepie ouers het 'n tydjie gelede besluit om die bul by die horings te pak en 'n nuwe telbord vir die A-veld 'n werklikheid te maak.

Dis reeds vir etlike jare 'n droom om 'n elektroniese telbord vir ons rugbywedstryde te hê, maar omdat dit nie 'n noodsaaklikheid is waarsonder ons nie kan klaarkom nie, is die droom nooit verwesenlik nie. Toe hierdie ouers egter na vore kom en onderneem om die fondse self in te samel en die projek deur te voer, is hul inisiatief met ope arms verwelkom.

Die telbord is nou byna voltooi en om dit behoorlik te vier word daar volgende Saterdag, 28 November, 'n bring-en-braai gehou vir alle rugby-ouers, en hul gesinne. By hierdie geleentheid sal die telbord ook amptelik aangeskakel word. Die geleentheid is darem ook nie beperk tot slegs die rugby-ouers nie, en daarom is alle ander ouers ook meer as welkom. Die reëling is dat die klubhuis vanaf 16:00 oop sal wees, en dat die vure teen 17:00 gereed sal wees. Sodra dit effens skemer raak, sal die telbord aangeskakel word.

Alle rugby-ouers het 'n brief ontvang oor hierdie geselligheid. Dit sal fantasties wees as groot getalle van ons ouers die geleentheid kan bywoon. Alhoewel dit nie 'n geleentheid is vir toesprake nie, sal ons sommer die geleentheid gebruik om u in te lig oor die komende seisoen, oefenprogramme, asook die toernooie waaraan die onderskeie spanne volgende jaar gaan deelneem. Verder kan dit 'n lekker gesellige geleentheid wees om die jaar af te sluit. Ons hoop om almal daar te sien!



JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING (ANA'S) NIE VANJAAR GESKRYF

Die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 8 en 9-leerders, wat die syfer- en taalvaardigheid van ons leerders toets, sal nie meer vanjaar geskryf word nie. Die Departement van Nasionale Onderwys het in hierdie week aangekondig dat skole die 2015-toetse volgende jaar vrywillig kan skryf vir diagnostiese doeleindes, maar dat die ANA's voortaan deur 'n onafhanklike instansie bedryf sal word. Hierdie instansie sal die toetsing op 'n steekproefbasis doen. Nie alle skole en leerders sal dus betrek word nie, en die nasien van die toetse sal ook nie meer voortaan deur die skole gedoen word nie.

ONS LEERDERS PRESTEER

LANDSDIENSKLUB HOU ONS NAAM HOOG!

Soos verlede week beloof, berig ons graag oor ons Landsdiensklub se bedrywighede. Hierdie klub vergader elke Vrydag en pak onder leiding van mnr. Terblans opwindende projekte aan.

Die jaarlikse provinsiale Landsdienskamp is tydens die September-vakansie te Hobbiton-on-Hogsback aangebied, waar die meeste klubs in die Oos-Kaap teenwoordig was en hulself kon voorstel en hul ervarings met die ander deel.

Gedurende die kamp is ongelooflike uitstappies onderneem, waaronder "abseiling" en "Zipwire", asook 'n "climbing wall". Intussen is indringerplante uitgekop en nagverkenningprojekte in die stikdonker woude aangepak. Verskeie handwerkprojekte, soos leerwerk en die maak van halsnoere uit Ghanese glaskrale is ook aangebied. Saans is daar heerlik saamgesing en het kampkonserte vir groot vermaak gesorg.

Vyf van ons leerders het die kamp meegemaak, nl. Francois Kruger, Shanleigh Havenga, Hanli Lintveld, Marcelle Muller en Marli Opperman. Shanleigh en Hanli het verlede jaar die nasionale kamp bygewoon, en Francois is gekies om vanjaar die senior nasionale kamp te Hoedspruit, by te woon. Pragtige prestasie, Francois. Ons hoop jy geniet dit gate uit! Framesby is baie trots op jou.



EKSAMENS VOLGENDE WEEK EN RAPPORT-REËLINGS

Die laaste vraestelle in vanjaar se eindeksamen word volgende week geskryf en alle grade maak Dinsdag klaar met eksamen. Leerders hoef daarna nie meer skool by te woon nie, behalwe in daardie gevalle waar spesifieke reëlins met leerders getref is. Gedurende die volgende twee weke sal die nasienwerk voltooi word, en die bevordering van leerders hanteer word.

Die reëlins rakende die rapporte is as volg: Rapporte sal op Woensdag 9 Desember vanaf 07:30 tot 08:30 by die skool (in siw skoolsaal) beskikbaar wees. Leerders of ouers moet die rapporte **persoonlik** in ontvangs neem. In die gevalle waar iemand anders die rapport namens 'n leerder kom haal, **moet 'n skriftelike versoek** voor 9 Desember by die betrokke Graadhoof ingedien word. Die name van die betrokke leerder, asook die persoon wat die rapport in ontvangs sal neem, moet duidelik in die brief aangetoon word. Geen rapporte sal sonder sodanige brief oorhandig word nie.

Beoogde vakveranderinge: Leerders in Graad 10 en 11 wat vakveranderinge vir 2016 oorweeg, moet voor 11 Desember 'n skriftelike versoek, gerig aan Mnr. Stroebel, waarop die beoogde verandering aangevra word, by Mnr. Rauch indien. Vakveranderinge kan 'n beduidende invloed hê op ons beplanning en skoolrooster, en u samewerking in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	
	07:40 – 11:30	07:40 – 11:30	07:40 – 11:30	08:30 – 11:30	12:30
Maandag 16 November	EBW	Musiek	Lewenswet. Vraestel 2		Afrikaans V1 (2 ure)
Dinsdag 17 November	Xhosa/Musiek	Tegnologie	English Paper 2	Verbruikerstudie (3 ure)	Musiek V2 (1½ uur)

ALGEMEEN EN SIELSKOS

ELKE JAS MET SY GESIG

VRA 'n kleuter om 'n mens te teken en hy maak 'n sirkel met twee regaf strepe. Miskien ook nog twee strepies sydelings - die arms en die hande. Gesig en ledemate, dis die mens. Uit die gesigshoek van die kleuter is wat saak maak die bene waaraan hy vashou, die arms wat hom optel, die gesig waarna hy kyk. Maar veral die gesig. Dié teken hy oordrewe groot. Dié kleuterskets het waarskynlik veel meer om die lyf as wat dit op die oog af lyk. Daarin word iets geïllustreer van die diepe behoefte van 'n kind, nie net in sy kleuterjare nie, maar ook as hy ouer word. Ook in sy tienerjare. En daarna. Dán nog het hy behoefte aan sekuriteit, al hou hy nie meer aan Pa se bene vas nie. En aan versorging, al tel Pa en Ma hom nie meer in hul arms op nie. Maar die diepste verlange bly steeds, by wyse van spreke, Pa se gesig, Ma se gesig, dit is: gesprek, ontmoeting, kommunikasie. Kortom, Pa en Ma self. Wat waar is van die ontmoeting tussen ouer en kind, geld ook vir die verhouding tussen mense in die algemeen. Ook dan is die ontmoeting tussen mens en mens eers waarlik kommunikasie as dit ook 'n ontmoeting is "van aangesig tot aangesig". In die ontmoeting tussen mense is die gesig die fokus. Tog merkwaardig dat in hierdie eeu van ongelooflik verbeterde kommunikasiemedie en 'n steeds kleiner wordende wêreld, die afstand tussen mense oënskynlik groter geword het, omdat hulle in ons onpersoonlike samelewing vir mekaar "gesigloos" geword het. Ons het - om by die kleuterskets te bly - 'n geslag met haastige bene en besige hande, maar klein gesiggies geword. Tog het elke mens behoefte aan kommunikasie, aan ware ontmoeting. Want gesigloos kan selfs die mens in die grootste stad nie word nie. D.J. Opperman skryf in sy gedig "Ballade van die Grysland": Deur tralies wat die tuin omsluit kyk ek en my verwarde broers verlangend na die stad nog uit: hoe deur die reën en laaste lig, krukkelig soos nat voëls loop elke jas met sy gesig. Elke jas met sy gesig! En agter elke gesig skuil 'n hart, is daar 'n mens. Iemand. Agter die verstedelingsvraagstuk, agter die werkloosheids- en die plakkersvraagstuk is daar gesigte. Mense! Daar is 'n mens agter my tuinman, agter my plaasarbeider en my buurman. 'n Mens agter my kollega, my kind. Elke ander mens is inderdaad 'n medemens, 'n mens soos ek self: broos en kwesbaar, met 'n hunkering na liefde en aanvaarding. 'n Mens teenoor wie ons moet uitleef wat Jesus aan ons opgedra het: "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen."

Uit *Die Burger* 22 Junie 1991

When life puts you on tough situations,
don't say, "Why me?"
Just say, "Try me!"

in ons huis
eet ons soms chocolates vir ontbyt
en chippies vir aandete,
ons lag selfs al word ons nie gekies nie
ons klim en dans,
en luister altyd vir ons ouers
ons maak heeltemal te veel
krismisbeddens
en heeltemal te veel geraas,
ons dans in die kombuis
en vertel stories in die bad,
en wees laf en giggel
en droom,

Graad 12- eksamen

Ons matrieks maak ook in die komende week klaar met hul eindeksamen. Die meeste skryf Dinsdag hul laaste vraestel, maar ons 5 Musiekleerders moet tot Vrydagmiddag wag om hul 2de vraestel aft e handel! Baie sterkte met die laaste skof!

VAKKE HIERDIE WEEK

GRAAD 12		
	09:00	14:00
Maandag 23 November		
Dinsdag 17 November		Toerisme (3 ure)
Woensdag 18 November	English Paper 3 (2½ hrs)	
Donderdag 19 November		
Vrydag 20 November		Musiek V2 (1½ uur)